VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

9 Mei	**Annatjie Vorster,** Bella Vallera, ☎ 084 206 3180. Wyk 5
10 Mei	**Ina Roos,** Clé du Cap 8, ☎ 065 839 5515. Wyk 1
11 Mei	**Renee Beetge,** Rosetuin 42, ☎ 082 481 0579. Wyk 10
	Mabel Glôy, Huis Eikelaan S62, ☎ 083 229 2610. Wyk 14
13 Mei	**Reinhardt Coetzer,** Jack Pauw Seunskoshuis Volkskool, ☎ 072 711 1279. Wyk 16
	Lizaan Nortjé, Eleazerstraat 31. Wyk 20
	Danie Walker, Goedehoopstraaat 1, ☎ 082 335 6867. Wyk 20
14 Mei	**Zurich Terblanche,** Sol Plaatjies 79, ☎ 083 968 6074.Wyk 19
15 Mei	**Ineke Bakker,** 7de laan Hollandia 29, Welverdiend, ☎ 082 786 6820. Wyk 11
15 Mei	**Johann de Waal,** Campus Court 12, ☎ 082 768 6820. Wyk 17
	Stienie Dreyer, Izahof 16, ☎ 082 463 4003. Wyk 7

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 16 Mei** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 16 Sondag 9 Mei 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderlinge van wyk 19 Koos Theron en wyk 20 Klaas Wyma.
Diakens: Wyk 19 vakant en wyk 20 André Joubert.

EREDIENSTE Beide eredienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

OGGEND:
Luister na die Woord van die Here: 1 Samuel 2:11-36.
Fokusvers: 1 Samuel 2:12, 18-19, 35
TEMA: ***Die HERE Self sorg dat daar 'n priestervolk is wat Hom in ware kennis dien.***
Sing: Psalm 108: 1; Psalm 51: 4, 8; Psalm 132: 6, 10; Skrifberyming 8:1, 2.

AAND:
Luister na die Woord van die Here: Matteus 4:1 - 11.
Fokusvers: Matteus 4: 8 - 10.
Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 34 V&A 94 - 95.
Sing: Skrifberyming 34: 1, 2, 3; Psalm 135: 9, 10; Psalm 115: 6, 8.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die blou sakkies en vir **Teologiese Studentekas** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas.*

EREDIENS: HEMELVAARTDAG, 13 MEI 2021
Volgens beplanning sou ons Donderdag 13 Mei om 19:00 'n gesamentlike erediens met GK Potch-Suid in ons kerkgebou gehou het om die hemelvaart van ons Here te herdenk.
In die lig van die pandemie, en met berigte dat die sogenaamde "derde golf" in Gauteng breek, sal daar geen gesamentlike diens wees nie, maar wel 'n erediens om 19:00 vir ons gemeente.

LIEF EN LEED

Japie van Jaarsveld 072 521 9813 het hierdie week vir drie dae (tot Donderdag) chemoterapiebehandeling in Klerksdorp ondergaan. Ons doen vir Japie en Christa voorbidding.

Henna Labuschagne 084 260 6193 het Woensdag 'n tweede 'n lensvervanging in Pretoria ondergaan. Ons vertrou dat dit so suksesvol afgeloop het soos die eerste vervanging en bid haar sterkte toe met die herstelproses.

Susan Nortjé 079 781 0499 het die afgelope week weer gesukkel met haar gesondheid en pyn en moes 'n besoek aan die dokter bring. Ons doen vir haar voorbidding.

Ons is saam met **Herman Henderson** 082 924 0620 dankbaar dat die uitslae van onlangse toetse geen abnormaliteite toon nie.

Annemarie Steyn 083 550 9444 se jongste dogter moes die afgelope week in Klerksdorp 'n prosedure ondergaan waarin twee stents in are geplaas is. Ons is dankbaar dat dit goed afgeloop het en volgens die kardioloog 'n waarskynlike hartaanval voorkom het.

Dankbaarheid

Ons is saam met **Marie Kits** 082 335 8764 bly en dankbaar met die geboorte van haar eerste agterkleinkind, 'n dogtertjie by haar kleinkinders in Kanada. Ons loof die Here vir sy oneindige genade.

Daar is 'n kleindogter in Kaapstad gebore vir **Kobus en Elsa Mentz** 083 785 5053. Dit beteken **Lina Minnaar** het ook weer oumagrootjie geword. Klein **Kayla** is die eersteling van **Pieter** (vroeër lidmaat van ons gemeente) en sy vrou **Thekla.** Ons deel ook in die blydskap van Kobus en Elza en Lina met die geboorte van die kleinkind. Saam met hulle dank ons die Here vir sy liefde en trou.

DAGBOEK

Katkisasie lesrooster

	Vandag	Sondag 16 Mei 2021
Lesrooster: Psalmvers:	Les 6 Psalm 8:1	Les 7 Psalm 9:1
Katkisasie toesig:	Ouderling Wyk E1 Graad 0 Ouderling Wyk E2: Graad 1 & 2	Ouderling Wyk E3: Graad 3 & 4 Ouderling Wyk E4: Graad 5 & 6
Maandag 10 Mei	18:30 Hoërskoolkatkisasie	Les 5
Woensdag 12 Mei	14:30 2021 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 8
Donderdag 13 Mei	15:00 2020 Belydenisklas	Heidelbergse Kategismus Sondag 38 & 39

AFKONDIGINGS

Die kerkkantoor is weer terug in die konsistorie. Malie Wyma is Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 8:00 tot 13:00 op kantoor.

Kennisgewing van vergadering van kerkraad

Die ouderlinge vergader vanaand ná die aanderediens. Broers wat nie die vergadering kan bywoon nie, moet skriftelik met opgaaf van wettige redes by die skriba verskoning aanteken.

Kerklike tydskrifte is beskikbaar in die saal.

BYBELSTUDIES:

Di	10/05	15:00	Huis Eikelaan	Prof. Callie Coetzee
		18:30	Jeugkamer	Daniël 4
Do	13/05	09:30	Konsistorie	Handelinge 4
		18:30	Virtueel	Kontak prof. Paul Krüger 076 993 3775 of Frieda Theron 078 324 5267

Bybelstudiegroep Donderdae 18:30 aanlyn.

Die Bybelstudiegroep wat Donderdae 18:30 aanlyn vergader, voltooi hierdie week die studie van die Psalms. Van hierdie week af word die boek **Spreuke** bestudeer. U word hartlik uitgenooi om in te skakel. Kontak asseblief Paul Krüger by 076 993 3775 of Frieda Theron by 078 324 5267 vir meer inligting.

Attestate

Attestaat terug ontvang vanaf Gereformeerde Kerk Magaliesburg van Casper Johannes Coetzer Stoop. ***Welkom terug Coetzer***

VAN ONS DIAKONIE

Die spesiale kollektes in Mei 2021 gaan vir:

Sondag	2 Mei	Emeritaatsfonds
Sondag	9 Mei	**Teologiese Studentekas**
Sondag	16 Mei	Emeritaatsversorging
Sondag	23 Mei	Deputate Jeugsorg
Sondag	30 Mei	Emeritaatsversorging

Uitdra van Evangeliekommissie

Uitdra van Evangeliekommissie

Het jy al gewonder wie is die vreemde man, vrou of kind wat jy meer as eenkeer in die kerk gesien het? Waarom stap jy nie na die erediens na hulle toe en stel jouself aan hulle voor nie? Verduidelik aan hulle dat jy 'n lidmaat van GK Potchefstroom is en sommer gesien het hulle is vreemd daar. Vra dan wie hulle is en vanwaar hulle is. Wie weet, hulle kan dalk net mense wees wat voorheen kerklidmate was en los geraak het van hulle vorige gemeente/kerk en wil dalk weer by 'n kerk inskakel? Daar kan ook ander redes wees waarom hulle na ons kerk toe gekom het, en daarom moet ons maar met hulle begin gesels. As dit lyk of hulle wel weer ons kerk sou wou besoek, moet ons hulle besonderhede (name en selfoonnommer) kry. Dit sal ook 'n goeie idee wees om hulle ook aan ander lidmate voor te stel of selfs aan 'n ouderling of ons predikant (as hulle dalk beskikbaar sou wees). Dit kan alles help om hulle tuis te laat voel en daarom meer gereeld ons kerk te besoek. Sodoende kan daar mos begin word om 'n pad met hierdie mense te stap en hulle te probeer inskakel in ons gemeente!

Dis binne die meeste van ons as lidmate se bereik om op te tree soos in die voorbeeld hierbo gedoen word. Wees maar gedurig bedag om uit te kyk vir vreemdelinge by die kerk. Om egter vreemdelinge by of in die kerk raak te sien, moet ons self nie ook vreemdelinge wees nie – gesels gerus maar ook met mede-lidmate as jy die geleentheid kry en kom drink 'n koppie tee na die oggend se erediens om sodoende ander lidmate beter te leer ken (natuurlik eers sodra die inperking weens Covid-19 verder opgehef word).

Kassiersverslag einde April 2021

OPSOMMING INKOMSTE EN UITGAWES	WERKLIK	BEGROOT	VERSKIL
Inkomste	332 682.00	300 714.00	31 968.00
Uitgawes	- 324 452.00	- 337 814.00	13 362.00
Surplus	**8 230.00**	**- 37 100.00**	**45 330.00**

Banksaldo op 30 April 2021	**715 189.50**
Glacier Belegging aanvangsbedrag op 12 /02/2015	**1 200 000.00**
Onttrekkings	205 000.00
Markwaarde op 28 Februarie 2021	**1 844 631.00**

Opmerkings oor verslag:

Die bedrag van R 513 000 wat op die Geldmark was, is oorgeplaas na die tjekrekening, dit verklaar die saldo van R 715 189.50.

Die bedrag is op Geldmark geplaas en verteenwoordig 'n surplus wat ontstaan het in die vorige finansiële jaar toe ons vakant was.

Die bedrag gaan gebruik word om die oprigting van die nuwe heining asook 'n begrote tekort vir 2020 – 2022 te befonds.

Geagte broers en susters

Die vergunning dat 250 lidmate toegelaat word per erediens is van krag tot verdere kennisgewing.

Dit is egter steeds 'n wetsvereiste dat register gehou moet word van almal wat teenwoordig, dat liggaamstemperatuur gemeet moet word, dat 'n gesigsmasker gedra moet word wat die neus en mond bedek vir die volle duur van die diens en dat 'n 1.5m sosiale afstand gehandhaaf word.

Omdat die gemiddelde bywoning van eredienste heelwat minder as die toegelate 250 is, is dit nie meer nodig om by die kerkkantoor te bespreek om die dienste by te woon nie. U temperatuur sal dan by die kerk geneem word en u sal die gemeentelys moet teken.

Besoekers sal egter die nodige inligting voor die kerkdiens by die kerk moet invul. **- Bedieningskommissie**

Die Cachet-basaar by ons gemeente is uitgestel tot 22 Mei 2021. Volgende week meer besonderhede.

OOSDOPPERFEES WEER EINDE MEI

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos is fluks besig met die reëlings vir die jaarlikse Oosdopperfees wat op **Saterdag, 29 Mei 2021** plaasvind by Paryslaan.

Ons gewilde wors en kwaliteit maalvleis sal verkoop word, asook die groot trekpleisters vir kinders, die Grilgrot en ander kinder aktiwiteite.

Diereliefhebbers kan gerus kom deelneem aan die gewilde troeteldierskou met groot pryse om te wen. Skryf gerus in. Ondersteun gerus ook ons Boeke-Oase.

Nog enkele stalletjies is beskikbaar vir uitstallers en uitstallers word uitgenooi om saam die dag te kom bywoon. Uitstalkoste R150.

Skakel vir Adele by die kerkkantoor 018 290 7690 of 082 532 8658 om jou stalletjie te bespreek.

Onthou: Mooirivier Kersmark 22 November - 4 Desember 2021

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger



Huis Eikelaan SB 10,tel 082 699 6591, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Uit kerkverband

Beroepe aanvaar

• Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Colesberg

Beroepe bedank

• Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Boksburg

• Proponent IJ van der Westhuizen (Izak) na GK Kroonstad

INBETALING VAN DONASIES VIR DIE KERKBLAD

Bank Absa
Takkode 632 005
Rekeningnaam Administratiewe Buro GKSA
Rekeningnommer
670 140 040

Verwysing Donasie Kerkblad

Omgewingspitkos

Om iets, die skepping, uit niks te maak, is vyf onderdele nodig waaruit die skepping bestaan. God begin in sy Woord (Gen 1:1-3) by die basiese orde in die skepping. 'In die begin (*tyd*) het God die hemel (*ruimte*) en die aarde (*materie*) geskep. … maar die Gees van God het oor die waters gesweef (*beweging*). Toe het God gesê laat daar lig (*energie*) wees'. So lyk die fisiese perke van die aardse omgewing of kosmos waarbinne ons leef. God self is nie deel van sy skepping nie en is verhewe bo die perke gestel. Die skrywer van Ps 19 het lank voor die moderne wetenskap en tyd al die skeppingswonders treffend besing.